

26 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21

Fokusgedeelte: DL, 3/4:5

Nie deur die wet nie

As ek in 'n diep gat met gladde wande geval het kan ek maar spook soos ek wil, ek sal nie self daar kan uitklim nie. Sodra ek 'n entjie geklim het sal ek weer teruggly. So gaan dit met mense wat hulle self wil red deur die Tien Gebooie na te kom, want dit is onmoontlik om jousef te red deur wetsonderhouding! Ek het iemand anders nodig om my van buite op te trek.

Die wet leer wel vir my wat sonde is en kla my aan oor my sonde, "maar dit dui geen geneesmiddel aan en geen krag om uit hierdie ellende te kom nie. Omdat die Wet dus deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, laat dit die oortreder onder die vloek bly. Daarom kan die mens nie deur die Wet die saligmakende genade verkry nie."

Dit is juis wat Paulus aan die Galasiërs wou leer deur sy brief aan hulle. Hulle het geglo dat 'n mens jousef kan red deur die wet na te kom, maar Paulus wys hulle onomwonde op hulle dwaasheid in vers 16: "En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie ... want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie." Iemand wat homself wil red deur die wet te onderhou is so dwaas soos iemand wat homself aan sy eie kraag wil optel. Dit kan net nie gedoen word nie!

Jesus Christus het gesterf om ons te red. Hy is die een wat buite die diep gat staan waarin ek geval het en net Hy kan my daaruit optrek. Daarom moet ek op Hom vertrou vir redding en uit dankbaarheid daarvoor dat Hy my klaar gered het, die Tien Gebooie gehoorsaam. Dan leef ek volgens die Tien Gebooie nie om gered te word nie, maar omdat Jesus my gered het!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~